



## VARSBITYBEKER-REEKS

# Maties en Pukke deel louere in Potchefstroom

## Klassieke kragmeting tot einde in weegskaal

George Germishuys

Die Pukke het vir die opskudding van die Varsitybeker gesorg toe hulle gisteraand met 33-33 teen die Maties gelykop gespeel het.

Dit was die Maties se tweede gelykop-uitslag van die jaar. Gister se stryd was in alle fasette so gelykop dat die uitslag beswaarlik anders kon wees.

Maties het gevolglik eerste op die punteleer klaargemaak en Pukke tweede. Die uitslag beteken die Stellenbosers het 'n tuis-halfeindstryd en waarskynlike eindstryd verseker. Maties sal in Stellenbosch met Wits kragte meet en Pukke in Potch teen UJ.

Maties sal ook 'n eindstryd in die Danie Craven-stadion kan aanbied. Die moontlikheid dat die Pukke weer in die eindstryd wag, is nie uitgesluit nie.

Die wedstryd tussen die twee kolosse van Varsity-rugby was 'n klassieke kragmeting en 'n vertoning vir als wat goed is in vanjaar se reeks. Albei spanne het knap vertoon, maar dit was die Pukke se pak voorspelers, met die haker Louis van der Westhuizen aan die spits, wat op die aand dominant was.

By die afbreekpunte was die tuispan in beheer en dit het aanleiding gegee tot die vuurwerk agterlangs.

Tapiwa Mafura, heeagter van die Pukke, was kwiksilwer

vir die tuispan en het Maties se verdedigers deurentyd getoets. Die skakelpaar, Chriswill September en Morne Hugo, het hul befaamde eweknieë van Stellenbosch ook beslis oorskaadu.

Die verskil in die wedstryd het waarskynlik gekom met die plaasvervanger-senter van die Pukke, Henko Marais, se Superman-duik vir die drie in die pylvak van die wedstryd. Hy het 'n steekskop deur Hugo opgevolg en in 'n harwar van verdedigers die bal millimeters van die doodlyn af bemeester om te gaan druk.

Die laaste twintig minute van die stryd was voorpunt-van-sitplek-rugby met albei spanne wat die bal rondgegooi het in 'n poging om die wedstryd te swaai. Die tempo en intensiteit was verstommend.

■ Elders het UJ vir Ikeys nael-skraaps met 18-17 geklop om hul plek in die halfeindstryd te bespreek. Die NMU se Madibaz is na die Varsityskild gereleëger na hulle met 21-82 deur Tukkies vermorsel is.

Die Ixias sal teen Walter Sisulu moet uitspeel om hul plek in die Varsitybeker te behou na hulle tweede laaste geëindig het. Hulle het gisteraand met 33-69 teen Shimlas pak gekry.

Tukkies het die skild vanjaar vrygespring na hulle verlede jaar die kampioene was.



Johan Retief kry hier vir Chris Smit van die Maties beet in die spanne se Varsitybeker-wedstryd wat gisteraand met 33-33 gelykop in Potchefstroom geëindig het.

Foto: GALLO IMAGES

